**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL HG
(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Funksionele Taalvaardigheid)**

**FEB / MARCH / MAART 2006**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit **SES VRAE**.
- Volg die instruksies boaan elke **VRAAG**.
- Begin elke vraag op ? **NUWE** bladsy.
- Nommer elke antwoord in die middel van die bladsy.
- Skryf netjies en leesbaar.

---

AFDELING A
**LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**
**LEESSTUK**

Lees die volgende **LEESSTUK** versigtig deur.

## ALVIN BRUINDERS

**deur Margot Havemann**

1 Alvin Bruinders is bekend vir toneelspel en sang. Hy het al in TV-reekse soos *Vetkoekpaleis*, *Orkney snork nie en Gauteng-alêng-alêng* gespeel. Sy nuutste CD het lekker liedjies vir die mense wat Afrikaans praat. Hy sê hy is trots daarop om Afrikaans te wees. Hy het liedjies soos *Susara* wat ? lekker ritme het en rugbyliedjies soos *Boeta, ons gaan rugby kyk* op sy CD.

2 Wanneer die mense hom kritiseer en sê sy taal is lelik, lag hy net lekker. Hy wil mense gelukkig maak en hulle laat lag. Wanneer mense lag, kyk hulle anders na probleme en dit gee hulle moed. Van klein kindertjies tot oumense hou van sy musiek. Voor ? optrede is hy baie bang, maar sodra hy op die verhoog staan, kyk hy na die mense en weet hy wat hy moet sing en hoe hy moet optree.

3 Alvin Bruinders is iemand wat baie stout is. Sy ouers, Simon en Gertrude, het hulle kinders se selfbeeld sterk gebou en hulle aanvaar en liefgehad soos hulle lyk. Hy sê sy ouers was nie streng nie. Sy ouers is sy vriende en hy kuier die graagste by hulle. Sy broer, Jeremy, en sy sussies, Nadia en Marguerite, is baie belangrik vir hom. Sy ma en pa se raad aan hulle kinders was om te onthou dat alles ? oorsaak en ? gevolg het. Hulle moes hulle eie keuses maak, maar ook verantwoordelikheid neem vir hulle keuses.

4 Sy meisie werk in die korporatiewe wêreld en hulle is al meer as vyf jaar saam. Hy sê dat hy haar gou moet vra om te trou, voor sy agterkom hoe mooi sy is. Hy wil graag baie geld maak en sy vrou baie gelukkig maak. Hy sê sy ouers was ? voorbeeld van ? gelukkige huwelik en hy wil ook eendag trou vir altyd. Hy is mal oor kinders en wil eendag alles saam met sy kinders doen.

5 Alvin is professioneel en hou nie van foute nie. Dissipline is baie belangrik in sy werk. Hy hou baie van oefening en neem sy apparate saam wanneer hy toer. Sy vriende sê hy is baie ongeduldig, maar hy hou daarvan om nuwe dinge te doen. Hy hou baie daarvan om sepies te kyk.

6 Alvin wil die lewe geniet en glo as jy iets graag wil doen, sal en kan jy.

**[Verwerk uit: *Rapport Tydskrif*, 22 Februarie 2004]**

**INSTRUKSIES:**

- Nommer in die **MIDDEL** van die bladsy.
- Gee **SLEGS** die **ANTWOORD**.
- Jy hoef **NIE** die vrae in **VOLSINNE** te beantwoord **NIE**.

**VRAE:**

1.1 Noem die **TWEE** talente wat van Alvin ? spesiale kunstenaar maak. (2)

1.2 Hoe voel Alvin oor sy moedertaal? Gee **EEN WOORD**. (1)

1.3 Watter tipe liedjies sing Alvin graag? (2)

1.4 Gee **'N DEEL VAN 'N SIN** wat sê dat Alvin nie omgee vir kritiek nie. (1)

1.5 Noem **TWEE** dinge wat Alvin graag vir mense wil doen. (2)

1.6 Watter **TWEE** dinge maak van Simon en Gertrude Bruinders goeie ouers? (2)

1.7 Watter **EEN WOORD** is ? opsomming van Alvin se verhouding met sy ouers? (1)

1.8 Wat was die raad wat Alvin se ouers hom gegee het? Gee **TWEE** antwoorde. (2)

1.9 Hoekom wil Alvin sy meisie vra om te trou? (1)

1.10 Alvin hou baie van kinders. Gee **'N DEEL VAN 'N SIN** wat so sê. (1)

1.11 Noem **TWEE** dinge wat vir Alvin belangrik is in sy werk. (2)

1.12 Waarvan hou Alvin? Noem **TWEE** dinge. (2)
**(19)**

**VRAAG 2**
**ADVERTENSIE**

**INSTRUKSIES:**

- Begin die vraag op ? **NUWE** bladsy.
- Lees die **ADVERTENSIE** versigtig deur.

## Ons stel bekend die lekker NUWE *Soya Life*-produkte

Gee jou kinders ? kans op sukses,
gee hulle ? gebalanseerde dieet.
*Soya Life* is ? produk met baie proteïene:
dit help met konsentrasie,
dis reg vir vegetariërs,
sonder cholesterol,
gee baie energie.
Baie vitamines, kalsium en minerale.
Reg vir kinders ouer as 12 maande.

Jy kan dit koop by apteke oral in die land.

***Soya Life*-kwaliteit**

**Smaak baie lekker**

*Soya Life*-pap kos R37.00
*Soya Life*-melk kos R65.00

**[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 2 Augustus 2000]**

**INSTRUKSIES:**

- Nommer in die **MIDDEL** van die bladsy.
- Gee **SLEGS** die **ANTWOORD**.
- Jy hoef **NIE** die vrae in **VOLSINNE** te beantwoord **NIE**.

**VRAE:**

2.1 Wat sal *Soya Life* jou kinders bied? Noem **TWEE** dinge. (2)

2.2 Watter bestanddele in die *Soya Life*-produkte is goed vir jou gesondheid? Noem **VIER** bestanddele. 4x½=(2)

2.3 Waarmee kan die *Soya Life*-produkte jou ook help? Noem **TWEE** dinge. (2)

2.4 Hoe oud moet ? mens wees voordat jy *Soya Life*-produkte kan gebruik? (1)


2.5 Hoe weet ons dat die *Soya Life*-produkte maklik is om te koop? (1)

2.6 Watter **DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE** sê dat mense van *Soya Life* se pap en melk sal hou? (1)
**(9)**

## VRAAG 3
## STROKIESPRENT

**INSTRUKSIES:**

- Begin die vraag op ? **NUWE** bladsy.
- Lees die **STROKIESPRENT** versigtig deur.




[Verwerk uit: *Rapport,* 21 Desember 2003]

**INSTRUKSIES:**

- Nommer in die **MIDDEL** van die bladsy.
- Gee **SLEGS** die **ANTWOORD**.
- Jy hoef **NIE** die vrae in **VOLSINNE** te beantwoord **NIE**.

**VRAE:**

3.1 Wat het die politici nie raakgesien nie? (1)

3.2 Wat sal die vrouens in die kabinet die mense kan wys? (1)

3.3 Pas die sinsdeel in **KOLOM B** by die woord in **KOLOM A**. Gee net die nommer en die korrekte letter van die alfabet.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.3.1 Sport | A. Rook en drink moet ophou. |
| 3.3.2 Arbeid | B. Almal moet fietsry. |
| 3.3.3 Gesondheid | C. Mans moet ook werk in die huis. |
| 3.3.4 Finansies | D. Mans mag nie net sokker kyk nie. |

(4)

3.4 Hoe voel oom Floors oor alles wat tant Mienie sê? (1)
**(7)**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [35]**

AFDELING B

## VRAAG 4
## OPSOMMING

**INSTRUKSIES:**

- Begin hierdie vraag op ? **NUWE** bladsy.
- Lees eers die volgende **INSTRUKSIES** versigtig deur.
  - Lees die volgende **VYF** paragrawe (4.1 – 4.5) versigtig deur.
  - Soek **TWEE HOOFGEDAGTES** uit elke paragraaf (4.1 – 4.5).
  - Skryf elkeen van jou tien hoofgedagtes in jou eie goeie volsin neer.
  - Jou tien sinne moet altesaam nie baie korter of baie langer as 110 woorde wees nie.
  - Onthou om die getal woorde aan die einde van die opsomming aan te dui.
  - Jy sal gepenaliseer word as jy baie minder of baie meer as 110 woorde skryf.

## DIE VERSKILLENDE FASES VAN ONS LEWE

4.1 In elke fase van die mens se lewe is daar verskillende dinge wat belangrik is. Wanneer jy ? baba is, is kos baie belangrik. Melk is die lekkerste. Mammas maak ook lekker pap vir babas. ? Baba moet opgepas word. Alle dinge wat die baba kan seermaak, moet weggebêre word.

4.2 Wanneer kinders skool toe gaan, moet hulle ? gebalanseerde dieet volg. Water, vrugte en groente is belangrik. Moenie te veel lekkers eet nie. Die kinders moet gereeld oefening doen. Hulle moenie die hele dag voor die TV sit nie. Kinders moet ook hardloop en speel.

4.3 Hoërskoolkinders is al groot en wil graag eksperimenteer. Kinders wil self uitvind wat goed en wat sleg is. Daar is baie dinge wat sleg is vir mense, soos rook, drank en dwelms. Te veel hamburgers kan ? mens vet maak. Kinders se ore en oë moet goed opgepas word. Musiek wat te hard gespeel word, kan ? mens se ore beskadig.

4.4 Jongmense wat uit die skool is, moet weet dat jy self ? sukses van jou lewe moet maak. Jy moet hard werk en jou werk oppas. Jy moet nie jou geld wat jy verdien, mors nie. Die lewe het baie stres. Jy moet genoeg rus en gereeld lekker dinge doen sodat jy stres kan hanteer. Oefening help ook vir stres.

4.5 Ouers moet weet dat hulle baie moet lag. Wanneer jy lag, is jy positief en wys jy dat jy van die lewe hou. Almal hou van lag en pret. Ouer mense moet sorg dat hulle nie siek word nie. Hulle moet ekstra vitamines drink. Oefening is baie belangrik om gesond te bly. Hulle moet gereeld dokter toe gaan sodat die dokter hulle kan monitor.

**[Verwerk uit: *Elan*, Mei 2003]** **(10)**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

AFDELING C

**FUNKSIONELE TAALGEBRUIK**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord **AL** die vrae.
- Begin jou antwoorde op ? **NUWE** bladsy.
- Lees die vrae versigtig deur en voer die opdragte korrek uit.
- Die woorde wat in **HOOFLETTERS** gedruk is, is jou leidrade.

**VRAAG 5**

**INSTRUKSIES:**

Lees die volgende paragraaf versigtig deur en voltooi daarna die paragraaf soos aangedui. **Skryf net die vraagnommer en die korrekte antwoord neer**.

## DIE WÊRELD VAN WERK

5.1 (Elke dag – **EEN WOORD**) ... 5.2 (kommer – gee die **KORREKTE VORM**) ... ouers hulle oor wat hulle kinders 5.3 (na; agter – kies die **KORREKTE WOORD**) ... skool gaan doen. Die kinders wonder self ook 5.4 (oor + dit – **EEN WOORD**) ... . Ouers 5.5 (ken; weet – kies die **KORREKTE WOORD**) ... nie of hulle kinders die regte beroep sal kies en of hulle 5.6 (moontlik – gee die **SINONIEM**) ... 5.7 (sonder werk – **EEN WOORD**) ... sal wees nie. Ouers moet aanvaar dat elke kind sy of haar eie 5.8 (pad – gee die **VERKLEINING**) ... moet loop. Die 5.9 (beroep + wêreld – gee **EEN WOORD**) ... verander vandag ook baie. Die 5.10 (een – gee die **KORREKTE VORM**) ... **STAP** is om genoeg 5.11 (inlig – gee die **KORREKTE VORM**) ... 5.12 (i.v.m. – **SKRYF UIT**) ... **'N WYE REEKS** 5.13 (loopbaan – gee die **KORREKTE VORM**) ... te kry. Jy moet 5.14 (opgewen; opgewonde; opwindend – kies die **KORREKTE WOORD**) ... voel en dit as ? 5.15 (uitdaag – gee die **KORREKTE VORM**) ... beskou. Die 5.16 (gr. 12 leerders; gr.12-leerders – kies die **KORREKTE SPELLING**) ... en hulle ouers kan ook gaan 5.17 (vlam; kers; pyp – kies die **KORREKTE WOORD**) ... **OPSTEEK** by ? 5.18 (goed – gee die **KORREKTE VORM**) ... beroepsvoorligter. **HOE** 5.19 (baie – gee die **KORREKTE WOORD**) ... kennis jy het van die verskillende beroepsvereistes, **HOE** beter. Dit help nie jy word ? 5.20 (persoon wat verpleeg – **EEN WOORD)** ... net omdat jy van mense hou en jy is dan ongelukkig, omdat jy 5.21 (baie arm – **EEN WOORD**) ... is nie. As jy ? baie 5.22 (gespanne **?** gee die **ANTONIEM**) ... persoon is, moet jy ook nie ? beroep kies waar jy ? 5.23 (gejaag – gee die **KORREKTE VORM**) ... **LEWE** gaan lei nie. Elkeen kan maar net hoop dat hy of sy die regte **BESLUIT** 5.24 (vind; doen; neem – kies die **KORREKTE WOORD**) ... .

**24÷2=(12)**

**VRAAG 6**

**INSTRUKSIES:**

Lees eers die sin / sinne in die blokke. Skryf daarna die sin/sinne oor soos aangedui sonder om die betekenis te verander. **Skryf elke keer die hele sin uit en onderstreep die gedeeltes wat jy invul.**

## KEN JOUSELF, WEET WAT JOU POTENSIAAL IS

6.1

> Selfkennis is baie belangrik wanneer jy ? beroep kies. Definitief.

**DIE VRAAG IS**: "_________ (1)?" Definitief. (1)

6.2

> Mev. Botha sê: "Ek leer my kinders om hulle sterk en hulle swak punte te ken".

Mev. Botha sê **DAT** _______ (3) om **SOWEL** _______ (1) te ken. (4)

6.3

> Selfkennis is belangrik. Kennis oor die wêreld van werk is ook belangrik.

**NIE ALLEEN** _______ (2), _______ (1) kennis oor die wêreld van werk is ook belangrik. (3)

6.4

> Skoolverlaters ken hulle goeie en swak punte. Hulle kan ook die regte beroep kies.

Skoolverlaters **WAT** ______ (1), _______ (1) ook die regte beroep kies. (2)

6.5

> Skoolverlaters moet realisties wees oor hulle potensiaal. Waarom moet hulle ander mense tevrede stel?

Skoolverlaters **BEHOORT** _______ (1) oor hulle potensiaal en hulle **HOEF NIE** ander mense ________ (2). (3)

6.6

> Jy bepaal eers jou potensiaal. Jy kies die beroep waarin jy goed sal wees.

**NADAT** jy ________ (2), ________ (1) die beroep waarin jy goed sal wees. (3)

6.7

| |
|---|
| Alle mense soek werkstevredenheid. |

**WERKSTEVREDENHEID** _________ (3). (3)

6.8

| |
|---|
| Jy moet die regte beroep kies. Jy sal gelukkig in jou werk wees. |

Jy moet die regte beroep kies, **DAN** _______ (1) gelukkig in jou werk wees. (1)

6.9

| |
|---|
| Jy moet altyd aanhou studeer. |

Jy moet probeer **OM** altyd ________ (1). (1)

6.10

| |
|---|
| Jy kan by ? kollege of universiteit studeer. Jy kan deeltyds in die aand studeer. |

Jy kan ______ (1) ______ (1) studeer. (2)

[Verwerk uit: ***Rooi Rose,*** September 2002] **(23)**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [35]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**